ALHOEWEL ROUNDUP OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVOLED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUIDE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMATREËLS:

VOORSORGSTELLING:

- Moet nie poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof inasem nie.
- Was hande deeglik na hantering.
- Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming
- INDIEN IN OÊ: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontakklense indien aanwesig en maaklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
- Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.

Moenie eet, drink of rook tydens gebruik of daarna, alvorens deeglik gewas en skoon klere aangetrek is nie.

V voorkom wegdrywing van spuitnewel en/of besoedeling van gevoelige of eetbare gewasse, weiding, en enige ander gebied wat nie behandel word nie. Dit mag gewasskade veroorsaak.

Direkte of spuitnewel kontak van **ROUNDUP** met blare en/of onvolwasse bas van gewenste plante kan lei tot gelokaliseerde of getranslokeerde skade.

Moenie drinkwater, eetgerei, voedsel, voer, saad, kunsmis en enige ander landbouchemikalieë besoedel nie.

Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk en vernietig dan die houer deur dit stukkend te steek en plat te trap.

Moet nie vir enige ander doel gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Formulasie komponent	CAS Nommer	Konsentrasie (%)
Kalium sout van gisofaat	70901-12-1	35.5
Vetterige alkiel eter alkiel amine ethoxylate	68478-96-6	> 1 – < 10

WEERSTANDSWAARSKUWING:

ROUNDUP is 'n groepkode G onkruiddoder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **ROUNDUP** of enige ander groepkode G onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **ROUNDUP** of enige ander groepkode G onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Verminder die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Algemene inligting

Die totale effek van **ROUNDUP** is eers na twee weke sigbaar.

Dien **ROUNDUP** na opkoms van die onkruid toe. Rig bespuiting op die blare en onvolwasse bas van aktiefgroeiende onkruid. Bespuit die moeilik beheerbare meerjarige onkruid in die herfs ten tye van aktiewe translokasie van plantvoedingstowwe na die wortels, knolle, wortelstokke of uitlopers. Behandel hergroei met 'n kol-behandeling.

MOENIE spuit as die onkruid nat, dormant onder stremming, met stof bedek of deur ryp beskadig is nie.

Reën of besproeiing binne 4 - 6 uur na toediening mag die effektiwiteit van **ROUNDUP** verminder.

In probleemgevulle waar een- en meerjarige onkruid voorkom moet die eenjarige onkruid chemies of meganies beheer word. Daarna moet die hergroei van meerjarige onkruid bespuit of kolbehandel word.

Indien **ROUNDUP** in 'n tenkingsel met ander chemikalieë toegedien word is die etiket aanbevelings van alle betrokke produkte van toepassing.

Voorplant onkruidbespuitings op sanderige grond (10 % klei) moet 14 dae voor uitplant van alle saailinge plaasvind (tamatiën- en tabaksaailinge is veral sensitief).

MENGINSTRUKSIJS:

MENGBAARHEID

ROUNDUP kan in 'n tenkingsel met die volgende chemikalieë gebruik word:

Onkruidoders:

MCPA (kalium sout), **Simasien** (met die byvoeging van ammoniumsulfaat), **Velpar**, **Bromacil WP** en **Diuron WP** (met ammoniumsulfaat).

Bevorderingsmiddels:

Armoblen 650, **Bladbuff 7** en ammoniumsulfaat.

Nota:

Die byvoeging van (2 %) ammoniumsulfaat (2 kg of 2 liter) in die spuitwater voor Diuron of Simasien in tenkingsel met **ROUNDUP** verbeter verenigbaarheid.

TOEDIENINGSINLIGTING:

ROUNDUP kan toegedien word in spuitvolumes van 12 - 200 L/ha.

Maak seker dat spuittoerusting skoon en vry is van roes, stof of sediment van ander plaagdoders.

Gebruik altyd skoon water. Voorkom die gebruik van water met 'n hoë kolloïed inhoud of modderige water. Waar alkaliese en/of hardwater voorkom, word die byvoeging van **Bladbuff 7** volgens etiket aanbeveel.

Kalibreer alle spuite korrek onder veldtoestand.

In situasies waar spuitnewel gevaarlik kan wees moet 'n lae druk van 100 - 200 kPa en/of laenewel spuitkoppe gebruik word.

Moet nie in windsnelhede van meer as 10 km/uur spuit nie.

Verseker 'n fyn, egalige druppelverspreiding en 'n deeglike bedekking van die teikenonkruid.

LUGTOEDIENING:

ROUNDUP kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 0118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 50 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.

- **Druppel bedekking:** 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 400 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik (nie), uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteks** beweeg.
- Voorkom die wegdryf van spuitnewel. Die gebruik van 'n geregistreerde drywingsbeheermiddel en / of 'n lae drywing lugbespuiting spuitneuse (bv. "straight stream nozzle") word aanbeveel.
- Die verskil in **temperatuur** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaighigrometer, moet nie 8° C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** >10 km/h is.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme lei:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is (verwysing).

BEVORDERINGSMIDDELS

Vir optimale resultate word 'n minimum van 1,5 % **ROUNDUP** oplossing per totale spuitvolume aanbeveel. Indien laer, behoort 0,5 % van 'n geskikte benatter (0,5 l/100 l water) by die spuitvolume gevoeg te word.

Voorbbeeld:

- 3,0 l **ROUNDUP** in 200 l water/ha (1,5 % oplossing) = Geen bevorderingsmiddel nodig nie.
- 3,0 l **ROUNDUP** in 400 l water/ha (0,75 % oplossing) = Voeg 2,0 l bevorderingsmiddel by die totale spuitvolume.
- Voeg **Bladbuff 7**, soos aanbeveel, by die bespuitingswater vir pH en hardewater regstelling voor die toevoeging van **ROUNDUP**.
- Voeg ammoniumsulfaat volgens etiketaanbevelings by om die kwaliteit van die spuitwater te verbeter.

Die gebruik van 'n hoë kwaliteit ammoniumsulfaat bron, soos **Velocity Super** of **AMS Super** of **AMS Granule**, word aanbeveel teen 2% bygevoeg by die spuitwater voor die **ROUNDUP** bygevoeg word.

ONKRUIDBEHEER

Persentasie berekenings, bv 1,5 % oplossing = 1,5 l

ROUNDUP in 98,5 l water = 100 l spuitoplossing. Seisoen waarin toegedien moet word:

- 1 - Vroeë lente
- 2 - Somer
- 3 - Herfs
- 4 - Winter

Tabel 1: Meerjarige en wateronkruid.

Tabel 2: Nie-gewas en Industriële gebruik.

Tabel 3: Gewasaanbevelings, boomgewasse, voorplant, bosbou, bloekomuitwissing, suikerriet.

Tabel 4: Suikerriet nymaking.

Tabel 5: Groeiregulering (Chemiese sny).

Tabel 6: Weidingopknapping.

Tabel 7: Bestrykingstoediening.

TABEL 1 – MEERJARIGE EN WATER ONKRUIDE*

ONKRUID		Seisoen	Oplossing** %	OF L/Ha	Opmerking
<i>Acacia meamsii</i>	Swartwattel	2	1,5	3,0	Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Acacia saigna</i>	Port Jackson	1 - 3	1,5 1,5	2,0 4,0	Slegs vir saailinge: Tweeblaarstadium. Tot 60 cm hoogte.
<i>Caesalpinia decapetula</i>	Kraaldoring	2	1,5	3,0	Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Chromolaena odorata</i>	Eupatorium	2 - 3	1,5	3,0 *	Kap gevestigde plante af. Bespuit hergroeï op 50 - 120 cm hoogte. Verseker volledige druppelbedekking op die lower. Vorige gekapte meerstammige plante mag 'n opvolg behandeling benodig.
<i>Convolvulus arvensis</i>	Akkenwinde	2	3,0 1,5	6,0 *	Dien toe sodra begin blom. Opvolgbespuiting of kolbespuiting op hergroeï.
<i>Cynodon dactylon</i>	Kweek	2 - 3	3,0 * 2,0	6,0 4,0 *	Dien toe in herfs. Opvolgbespuiting gedurende somer of Kolbespuiting hergroeï of Dien toe in somer en volg op in herfs op hergroeï.
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie	2	3,0 * 1,5	6,0 3,0 *	Dien toe met blom. Opvolgbespuiting of Kolbespuiting hergroeï gedurende Feb/Mar.
<i>Cyperus rotundus</i>	Rooiuintjie	2	3,0 * 1,5	6,0 3,0 *	Dien toe met blom. Opvolgbespuiting of Kolbespuiting hergroeï gedurende Feb/Mar.
<i>Eichhomia crassipes</i>	Water hasint	2	3,0 3,0 4,0	6,0 * *	Dien toe wanner nuwe blare maksimaal sigbaar is. Rugsak spuit. Newelblaser.
<i>Eragrostis curvula</i>	Oulandsgras	2 - 3	1,5 1,5	2,0 4,0	Slegs saailinge. Twee-blaarstadium tot 60 cm hoogte.
<i>Lantana camara</i>	Gewone lantana	2 - 3	3,0 3,0 4,0	6,0 * *	Rugsak spuit. Newelblaser
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar	1	1,5	3,0	Bespuit voor blom alleenlik in tenkmengsel met die aanbevole Simasien dosis.
<i>Opuntia ficus-indica</i>	Turksvy	1 - 4	*	*	Stam inspuiting: Dien 2 m ³ van 'n 33 % oplossing in elk van 4 - 12 voorafgeboorde gate in die stam van bome met 20 - 250 blaie (Raadpleeg u verteenwoordiger vir meer besonderhede).

TABEL 1 – MEERJARIGE EN WATER ONKRUIDE* (vervolg)

ONKRUID		Seisoen	Oplossing** %	OF L/Ha	Opmerking
<i>Panicum maximum</i>	Buffelsgras	2	3,0 1,5	6,0 3,0	Opvolgbespuiting of Kolbespuiting op hergroei.
<i>Paspalum dilatatum</i>	Polpaspalum	2	3,0 1,5	6,0 3,0 *	Dien toe met blom maar besis vir saadval. Opvolgbespuiting of Kolbespuiting op hergroei.
<i>Paspalum paspaloides</i>	Kweekpaspalum	2	* * 2,0 *	8,0 4,0 *	Dien toe met blom maar voor saadval. Opvolgbespuiting of Kolbespuiting op hergroei. Winterreënvál gebied: Dien toe in herfs maar voor enige ryp.
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikoejoe	2	1,5 * 1,5	4,0 3,0 *	Dien toe op aktiewe groei in somer of herfs in die winterreënvál gebied maar voor enige ryp. Opvolgbespuiting of Kolbespuiting op hergroei.
<i>Phytolacca heptandra</i>	Inkbossie	2	1,5	3,0	Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Phragmites australis</i>	Fluitjiesriet	2 – 3	3,0 3,0 4,0	6,0 * *	Dien toe met 20 - 30 % blomstadium. Rugsak spuit. Newelblaser. Kap hergroei af. Bespuit daaropvolgende hergroei op 45 cm hoogte.
<i>Plantago lanceolata</i>	Tongblaar	1	1,5	3,0	Bespuit voor blom.
<i>Rubus spp.</i>	Brame	2 – 3	3,0 3,0 4,0	6,0 * *	Rugsak spuit.
<i>Rumex spp.</i>	Steenboksure	1	1,5	3,0	Bespuit voor blom.
<i>Sesbania punicea</i>	Sesbania	1	1,5 2,5	3,0 3,0	Saailinge: Tot 1 m hoogte. Hoër as 1 m.
			1,5 - 2,0	3,0	Struik - lang bome: Sny af en bespuit hergroei op 1 m hoogte.
<i>Setaria chevaleri</i>	Bosbuffelsgras	2 – 3	3,0 3,0 4,0	6,0 *	Rugsak spuit. Newelblaser.
<i>Solanum mauritianum</i>	Luisboom	2 – 3	1,5 1,5	2,0 *	Groot bome: Kap stam terug tot 5 - 20 cm hoogte. Spuit indien hergroei knie-hoogte is
<i>Sorghum bicolor</i>	Wilde graansorghum	2 – 3	1,5	2,0	
<i>Sorghum halepense</i>	Johnson gras	2 – 3	1,5 1,5	4,0 3,0 *	Opvolgbespuiting op hergroei. Kolbespuiting.

TABEL 1 – MEERJARIGE EN WATER ONKRUIDE* (vervolg)

ONKRUID		Seisoen	Oplossing** %	OF L/Ha	Opmerking
<i>Striga trichotoma</i>	Nasella polgras	4	1,5 2,0	4,0 *	Gebruik hoë volume van 400 l/ha mengsel. Kolbespuit hergroei of bespuit vroeg in lente.

*Vir alle toedienings, met enige van die verskillende tipes toedieningstoerusting, verseker dat die aabevole dosis op 'n liter per hektaar basis, altyd volledig nagekom word.

** % Oplossing is bedoel vir rugsakspuite gebaseer op 'n watervolume van 200 l /ha. Indien die watervolume toegedien per hektaar verskil, pas die dosis ooreenkomstig aan.

TABEL 2 – NIE-GEWAS EN INDUSTRIËLE GEBRUIK

ONKRUID	DOSIS L/Ha	OPMERKING
Eenjarige onkruid	1,0 – 3,0	
Eenjarige en meerjarige onkruid	2,0 – 10,0	Kolbespuit hergroei met 'n 1.5 % oplossing waar nodig. Sien Tabel 1 vir spesifieke onkruid. Gebruik ROUNDUP in 'n tenkmengsel met residuele onkruidodders (Bromacil, Diuron, Simasien, Ustilan of Velpar) volgens etiket aanbevelings vir residuele onkruidodders.

TABEL 3 – GEWASAANBEVELINGS

ONKRUID	DOSIS L/Ha	OPMERKING
Eenjarige onkruid	1,0 – 3,0	Gebruik die hoër dosis op volwasse onkruid.
Meerjarige onkruid	Tabel 1	Sien spesifieke onkruid aanbevelings.
Voorsorgmaatreëls: <ul style="list-style-type: none"> • Voorkom spuit- of sproeinewel kontak met blare, groen en jong bas van stamme, asook vrugte. • Laat 'n periode van 10 dae toe na snoei, of verwydering van laaghangende takke en suiers alvorens onkruid in meerjarige gewasse bespuit word. • Jong boompies met groen bas (Normaalweg jonger as 4 jaar); Beskerm stamme teen sproei kontak. 		
Aalwyn, Amandels, Appels, Appelkose, Avokado, Grenadella, Hops, Kaalperskes, Kersie, Kiwi vrugte, Koffie, Koejawel, Kwepers, Lietjies, Makadamia Neute, Olywe, Papaja, Pere, Perskes, Pekanneute, Pruime, Pruimedante, Sagte vrugte, Tee en Veseperske.		

Gewasspesifiek	
Gewas	Opmerking
Piesangs	Beskerm suiers en groen stamme teen sproei kontak.
Brame	Gebruik slegs bestryktype toerusting. Vermy kontak met die gewas.
Pynapples en Turksvye	Dien alleenlik toe as 'n gerigte tussenry bespuiting.
Wingerd	Dien slegs toe op wingerd ouer as 2 jaar, gerig op die onkruid en voor bot.
Bostok en laagopgeleide wingerd <60 cm hoog	Dien toe in vroeë lente, voor bot.
Sisal	Dien toe in kwekery en op volwasse plante.

Gewas	Situasie	Dosis //Ha	Opmerking
Suikerriet	Laaste ratoen uitwissing	8.0 - 10.0	Minimum bewerking: Laat hergroeï toe tot 45 cm hoogte na laaste ratoen (stoelstadium voltooid). Dien 100 - 400 ℓ /ha mengsel toe sodra halms verskyn.
		4.0 - 8.0	Kombinasie bewerking: Bespuit hergroeï op 35 - 100 cm hoogte met ROUNDUP na laaste ratoen. Sny die suikerriet stoele na verloop van 1 - 10 dae op 'n diepte van 10 - 15 cm onder die grondoppervlak met 'n lem of soortgelyke implement. Sekere onkruid sal ook deur die behandeling beheer word. Gebruik die hoër dosis op vrugbare gronde waar hergroeï 'n probleem is.
	Koluitwissing	10 % Oplossing	Dien gerig toe op die lower van besmette (bv. brand) of af-tipe plante.
	Kolbespuit om landerye	2 % Oplossing	Dien toe op aktief groeiende onkruid om landerye, telefoonpale ens.
	Voor plant	1.0 - 3.0	Eenjarige onkruid: Dien toe op aktief groeiende onkruid.
Tabel 1		Meerjarige onkruid: Dien toe op aktief groeiende onkruid.	

Gewasspesifiek - Tenkmengsels		
Gebruik die aanbevole dosisse en hou by die beperkings op die etiket van die betrokke produkte.		
Gewas	Produk Dosis //Ha	Opmerking
Appels, Pere en Wingerd	ROUNDUP + Simazine	Voeg 2 kg of 2 ℓ ammoniumsulfaat / 100 ℓ spuitvolume toe, gevolg deur ROUNDUP en daarna Simasien om die verenigbaarheid te verbeter.
	ROUNDUP + MCPA (Kalium sout)	Dien toe wanneer onkruid soos Tongblaar (<i>Plantago lanceolata</i>) en Turksnael (<i>Erodium moschatum</i>) jonk is en aktief groei.
	ROUNDUP 1.5 + MCPA 3.0	Vroeë winter: (Onkruid kleiner as 15 cm hoogte) Die kombinasie word nie vir Kiesieblaar (<i>Melva parviflora</i>), Gousblom (<i>Arctotheca calendula</i>), Hawer saadgras (<i>Eharta</i> spp.), Echiium spp. (<i>Echium vulgare</i>), Raaigras (<i>Lolium</i> spp.), Sydlissel (<i>Sonchus oleraceus</i>) en Predikantsluis (<i>Bromus</i> spp) aanbeveel nie.
	ROUNDUP 2.0 + MCPA 4.0	Laat winter: (Onkruid kleiner as 30 cm hoogte) Gebruik die hoër dosis vir Klawer (<i>Medicago polymorpha</i>), Koperdraad (<i>Polygonum aviculare</i>) en Steenboksuring (<i>Rumex angiocarpus</i>).

Gewasspesifiek — Tenkmengsels (vervolg)		
Gewas	Produk Dosis //Ha	Opmerking
Landerye	Eenjarige onkruid 1.0 - 3.0 Meerjarige onkruid Tabel 1	Gebruik ROUNDUP na oes van die vorige gewas maar voor opkoms van die nuwe gewas. Gebruik die hoër dosis vir vir eenjarige onkruid ouer as die 12 blaar stadium of gevestigde plante. Gebruik 2.0 - 3.0 ℓ /ha vir <i>Conyza</i> spp. (Skraalhans).
Bosbou	Tabel 1	Vir die vestiging van <ul style="list-style-type: none"> • vuurbane, algeheel of stroke • voorplantstroke in onversteurde veld • na oes voorplant skoonmaak • wattel hervestiging en • die beheer van indringer, skadelike of meerjarige of probleem onkruid
Bloekom stomp uitwissing	50 mℓ of 10% Oplossing	Enkelstam stompe (bome wat nie hergroeï van 'n moederstam nie)
	100 mℓ of 15 % Oplossing	Meerstammige hergroeï vanuit 'n moederstam. <ul style="list-style-type: none"> • Dien oplossing toe vir volledige benatting van veral die kambium area (waar bas en hout ontmoet). • Gebruik 'n lae druk rugsakspuit met volgeel spuitpunte vir volledige stomp benatting. Dien toe nadat die bome gefel is en die saagsels op die oppervlakte verwyder is. Stompe wat uitloop na behandeling moet korter afgesaag of geringuleer word om die totale kambium bloot te lê vir verdere behandeling. • 'n Pluiserige hergroeï mag voorkom wat normaalweg terug sterf. Indien nie, verwyder met die hand of spuit 'n 2 % ROUNDUP oplossing met die nodige voorsorg om wegdrywing na nutgevestigde saailinge te voorkom. • Ander spesies as <i>Eucalyptus grandis</i> mag variërende resultate met ROUNDUP lewer en 'n herbespuiting mag nodig wees.

TABEL 4 – SUIKERRIETRYPMAKING

DOSIS L/Ha	OPMERKING
0,75	Grondbespuiting
1,0	Lugbespuiting

- Dien toe op aktief groeiende riet met tenminste 8 groen blare. Moet nie lande in die laat-seisoen bespuit waar meer as 15 % van die halms in blom is nie.
- Riet gekap van April tot Julie: Dien 6 - 8 weke voor kap toe.
- Riet gekap van Oktober tot Januarie: Dien 4 - 6 weke voor kap toe.
- **Moenie probeer om riet ry te maak wat onder stremming verkeer nie.**
- Moenie lande bespuit wat vir saaddoelendes gekap word nie.
- **ROUNDUP** sal suikerriet ry maak wat beskou word as volgroei (tot op 90 % suiwerheid) maar die beste resultate word verkry as rietkwaliteit laag is (jong onvolwasse riet of vroeg en laat in die meuseisoen).
- Hou aan met besproeiing waar van toepassing so lank as moontlik na toediening.
- Alle bestaande goedgekeurde kommersiële kultivars kan ry gemaak word.
- Die grootste suikrose toename is gekonsentreer in die boonste nodes. Top by die basis van die vierde blaarskede.
- Chemiese aktiwiteit, 3 - 4 weke na toediening is soms waarneembaar in effense vergeling vroeg in die seisoen en knopswel en sy-spruiting laat in die seisoen. Knop groei stop en spildood mag ook voorkom.
- Ratoen mag meer halms ontwikkel wat verpot mag voorkom met vergeling op die blare wat sal uitgroei.

TABEL 5 – GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)

Die groei en blom van meerjarige pol- en kruipgrasse, tweejarige en meerjarige breëblaar en eenjarige onkruid kan beheer word deur die toediening van subletale dosisse nadat afgesny is.		
ONKRUID	DOSIS m//Ha	OPMERKING
<i>Bromus unioloides</i>	400 - 800	Reddingsgras
<i>Cynodon dactylon</i>	400 - 1000	Gewone kweek
<i>Digitaria eriantha</i>	400 - 1000	Smutsvingergras
<i>Erodium moschatum</i>	600 - 800	Turksnael
<i>Festuca</i> spp.	400 - 800	Swenkgras
<i>Hyparrhenia hirta</i>	400 - 1000	Dek tamboekiegas
<i>Lolium</i> spp.	400 - 800	Raaigras
<i>Malva parviflora</i>	600 - 800	Kiesieblaar
<i>Paspalum dilatatum</i>	400 - 800	Gewone paspalum
<i>Paspalum urvillei</i>	400 - 800	Langbeen paspalum
<i>Pennisetum clandestinum</i>	200 - 600	Kikoejoe
<i>Plantago lanceolata</i>	600 - 800	Tongblaar
<i>Sporobolus africanus</i>	600 - 1000	Rotstert fynsaadgras
Eenjarige onkruid en saailinge	200 - 1000	Goed ontwikkelde eenjarige onkruid. Saailinge en jong plante mag deur hierdie behandeling beheer word.
Opvolgbespuitings	Tot en met 600	Alle onkruid in die Tabel 5. Eerste bespuiting soos hierbo, opgevolg voor oormatige groei.
<ul style="list-style-type: none"> • Dien ROUNDUP 5 - 10 dae na afsny toe. Gebruik die korter interval in die lente en somer tydens meer aktiewe groei. • Toediening behoort 2 - 4 meganiese operasies te vervang afhangel van dosis, spesie en weerstoestand. • Hoër dosisse sal groei langer onderdruk met 'n gepaardgaande hoër voorkoms van chlorose (vergeling). • Meerjarige grasse is meer sensitief vir ROUNDUP in die herfs. 'n Groter mate van chlorose kan dus vermag word. Gebruik 'n laer dosis om dit te voorkom. Gebruik die laer dosis op grasse gedurende laat lente en somer. In vrugteboorde en wingerde in die winterreëvalgebied, waar die tussen-ry nie besproei word nie (bv drup besproeiing). • Moenie toedien op plante wat onder spanning verkeer nie bv. droogte, versuip, ens. • Verwyder oortollige plantmateriaal na sny voor bespuiting. • Dien 50 - 200 l / ha spuitvolume toe en verseker 'n egalige druppelverspreiding op die teiken se lower. 		

TABEL 6 – WEIDING OPKNAPPING

OPMERKINGS	SITUASIE
<p>Meerjarige rankgras besmetting: Meganiese en chemiese opknapping:</p> <p>Berei saadbed voor. Laat meerjarige rankgras en eenjarige onkruid ontkiëm.</p> <p>Dien ROUNDUP toe volgens aanbevole dosisse vir onkruidspektrum. (Sien Tabel 1). Saai nuwe weiding 3 - 4 dae na toediening.</p> <p>Bewerk die onkruid en laat hergroei toe. Spuit dan die aanbevole ROUNDUP dosis. Laat 7 dae voor 'n tweede bewerking, saadbedvoorbereiding en plant/saai.</p> <p>Nuut ontkiërende onkruid kan beheer word met 1,0 - 3,0 l/ha. <i>Cyperus</i> spp benodig 6,0 l/ha. Saai die nuwe weigewas 3 - 4 dae na toediening.</p>	<p>Konvensioneel</p> <p>Ligte druk</p> <p>Hewige druk</p> <p>Onkruid beheer voor saai</p>
<p>Weiding vervang en veld verbetering: Verminder plantmateriaal deur af te sny of te beweï, 3 - 4 weke voor ROUNDUP toediening op hergroei. Plant die nuwe weigewas 3 - 4 dae na bespuiting.</p>	<p>Direkte plant</p>
<p>Onderhoud op weiding: Beheer een- en meerjarige onkruid in weidings deur kolbespuitings met 'n 2 % oplossing of gebruik 'n bestryktipe toedienaar waar onkruid bokant die weiding uitsteek. (Sien Tabel 7)</p>	<p>Onderhoud op weiding:</p>
<p>Notas:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die aanbevole dosis om meerjarige - (Tabel 1) en eenjarige onkruid (Tabel 2) te beheer tydens opknapping van gevestigde weidings. • Gebruik die konvensionele of direkte plant metodes. • Verseker dat geïl onkruidgroei nie verhoed dat teikenplante benat word nie. • Moet nie ou, swaar gevestigde Kikoejoe of Gewone Kweek met verminderde groen blaar-oppervlakte bespuit nie. Brand die grasmassa aan die einde van die winter. Laat hergroei en bespuit dan in die laatsomer vir herfs vestiging van die nuwe weiding. 	

TABEL 7 – BESTRYKTOEDIENING

TIPE TOEDIENER	OPLOSSING	OPMERKING
Rollertoediener handtipe	Eenjarige onkruid 5% Meerjarige onkruid 10%	100 – 150 //Ha oplossing word aanbeveel waar konvensionele ens. bespuiting onprakties is, bv. laag opgeleide bostok wingerde.
Handmodel of trekker gemonteerde toutipe toediener.	50 %	Dien tot en met 3,0 //ha oplossing toe in boorde en waar onkruid- / gewashoogtes verskil, bv vir beheer van opslag of laat ontkiemende onkruid in boontjies en grondboontjies.

Notas:

- Gebruik 'n bestryktipe toediener wat deur Bayer (Edms) Bpk goedgekeur is. Die toediener maak gebruik van absorberende materiaal om die **ROUNDUP** oor te dra op die plante waarmee dit in aanraking kom.
- Verseker dat die bestrykoppervlakte skoon gehou word. Die bestrykoppervlakte **MOET NIE** in aanraking met die gewas kom nie.

Die volgende handelsmerke en registrasies word erken kragtens Wet No 36 van 1947

Produk	Reg. Nr.	Registrasiehouer
Armoblen	L4159	Dow AgroSciences, (Edms) Bpk
AMS Super	L9758	Universal Crop Protection (Pty) Ltd.
AMS Granule	L9610	Universal Crop Protection (Pty) Ltd.
Bladbuff 7	L8121	AECI Beperk
Bromacil WP	L3338	Dow AgroSciences, (Edms) Bpk
Diuron 800 SC	L3200	Dow AgroSciences, (Edms) Bpk
Diuron WP	L3227	Dow AgroSciences, (Edms) Bpk
Gesatop	L2241	Syngenta AG, Basel, Switzerland
MCPA (potassium salt)	L3616	Dow AgroSciences, (Edms) Bpk
Simazine SC	L3340	Dow AgroSciences, (Edms) Bpk
Velocity Super	L9603	Universal Crop Protection (Pty) Ltd.
Velpar Df	L263	Du Pont de Nemours Int SA

© Bayer (Edms.) Bpk. Alle ongematigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.